**Laerskool Van Dyk Primary**

**D6 EMIS 700160994**
**GRAAD 5**

**AFRIKAANS EAT**
**Eksamen**
**Vraestel 2**

**KWARTAAL 4 2019**
**TOTAAL: 45**
**OPGESTEL: ME N STEYN**

**TYDSDUUR: 1 ½ uur**
**GEMODEREER: ME S PIENAAR**
**DATUM: 4 November 2019**

**Naam en Van:** ________________________________________ **Gr5.**______

| Afdeling A | | Afdeling B | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Leesbegrip | ____ / 20 | Leesbegrip | ____ / 10 | ____ / 45 |
| Taal | ____ / 9 | Taal | ____ / 6 | ______________% SKAAL |

**Instruksies:**

- Skryf netjies en met 'n blou pen.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Lees jou vrae deeglik deur.
- Moet nie oop spasies los nie.
- Lekker skryf.



# Afdeling A

## Leesbegrip

**Lees die onderstaande storie goed deur en beantwoord die vrae wat volg in vol sinne**

### Waarom Dassie geen stert het nie




Lank gelede het die diere in die bos geen sterte gehad nie. Hulle was ongelukkig.

Op 'n dag kom hulle bymekaar en sê: "Ons moet sterte kry. Kom ons gaan na Koning Leeu toe. Hy sal vir ons almal sterte kan gee!"

Almal gaan vroeg die volgende oggend om sterte te kry.

Net **lui** (*lazy*) Dassie lê in die son en slaap. Toe die diere by hom verbykom, vra almal: "Gaan jy nie 'n stert haal nie?" Dassie antwoord: "Ek kom later!"

Jakkals kom ook verby. Dassie sê vir Jakkals: "Ag, my vriend, Jakkals, doen asseblief vir my 'n **guns** (*favour*). Bring vir my 'n stert saam, 'n mooi vet stertjie. Ek sal vir jou lekker kos gee wanneer jy terugkom." Jakkals **belowe** (*promise*): "Ek sal dit doen!"

Jakkals soek vir homself 'n lang, wollerige stert uit. Hy kry 'n vet stertjie vir Dassie. Maar op pad terug raak Jakkals só honger, hy eet sommer Dassie se stert op!




Vir Dassie sê hy later: "Jammer, Dassie, maar Koning Leeu het gesê jy moet self vir jou 'n stert kom haal."



Toe Dassie by Koning Leeu kom, is daar nie meer sterte nie. Hy gaan maar sonder 'n stert huis toe. Toe hy by die huis kom, het Jakkals al sy kos ook opgeëet!

So het dit gebeur dat Dassie tot vandag toe sonder 'n stert is.




1. Waar bly die diere?

_______________________________________________ (1)

2. Wat wil die diere vir Koning Leeu gaan vra?

_______________________________________________ (1)

3. <u>**Omkring** die korrekte antwoord</u>

Vir wie het Dassie gevra om vir hom 'n stert te kry?

a) Olifant

b) Al die diere

c) Jakkals (1)

Dassie is die ___________ dier in die bos.

a) lui

b) luier

c) luiste (1)

Wat het Jakkals met Dassie se stert gedoen?

a) Verloor

b) Geëet

c) Vir 'n ander dier gegee. (1)

4. <u>Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is.</u>

a) Lank gelede het al die diere sterte gehad.

______________________________

b) Dassie is te lui om self ‘n stert te gaan haal.

______________________________

c) Jakkals het vir homself ‘n vet klein stertjie gekry.

______________________________

(3)

5. <u>Sit die volgende sinne in die **korrekte volgorde**</u>

| | Korrekte volgorde: |
|---|---|
| a) Oppad terug eet Jakkals Dassie se stert op en dit is hoekom Dassie vandag nie ‘n stert het nie. | B |
| b) Lank gelede het die diere in die bos nie sterte gehad nie. | |
| c) Jakkals kry vir hom en Dassie ‘n stert. | |
| d) Dassie is lui, want hy vra vir Jakkals om vir hom ‘n stert te bring. | |
| e) Hulle belsuit om sterte by Koning Leeu te gaan haal | |

(4)

6. Hoekom het Dassie nie sy eie stert gaan haal nie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

7. Dink jy Dassie was reg om Jakkals te vertrou? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

8. Dink jy dit was reg dat Jakkals Dassie se stert geëet het? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

9. Wat is die les van die storie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

10. Het jy van die storie gehou? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

11. Het jy al vir iemand ‘n guns gevra wat hy/sy toe nie gedoen het nie?

a)

| Ja | Nee |
|---|---|

(1)

b) Hoe het jy gevoel?

______________________________________________ (1)

c) Verduidelik in een sin wat gebeur het.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

**Leesbegrip Afdeling A : 20**

## Taalstrukture en konvensies

1. Gee die **antoniem** vir die onderstreepte woord

Hulle is **ongelukkig**

______________________ (1)

2. Onderstreep die **voornaamwoord** in die sin:

Hulle was ongelukkig

(1)

3. Skryf die **voorsetsel** neer wat in die sin voorkom:

Net lui dassie le in die son en slaap

______________________ (1)

4.Voltooi die **trappe van vergelyking**

Vet ______________________ Vetste (1)

5.Gee die **vekleininwoord** van stert

______________________ (1)

6.Gee die **meervoud** van vriend

______________________ (1)

7. Skryf die volgende sin oor in die **lydende vorm:**

Dassie leer 'n les.

________________________________________________ (1)

8. Skryf die volgende sin in die **verlede tyd.**

Dassie lê in die son.

________________________________________________ (1)

9. Skryf die volgende sin as 'n **bevelsin.**

Jy moet jou stert gaan haal.

________________________________________________ (1)

**Taal Afdeling A : 9**

## Afdeling B- Gedig (Jakkals en die eendjie)





### Jakkals en die eendjie

*duck* — 'n Vet **eend** het eendag
al met die pad geloop.
Sy wou gaan **rys** en **ertjies** — *peas*, *rice*
*nice things to eat* — en **lekkernye** koop.
Maar langs die pad het Jakkals
haar stil-stil **voorgelê**; — *awaited*
'n eend hier in sy groot **sak**, — *bag*
is net wat hy wou hê.

"Goeiemôre, liewe Eendjie,
ek sien jou voete **pla**. — *hurt*
As jy in hierdie sak klim,
sal ek jou mark toe **dra**." — *carry*
"Nee dankie, meneer Jakkals,
al pla my voete ook,
dis beter in die **paadjie** — *path*
as om in jou pot te kook."

1. Wie het langs die pad vir eendjie voorgelê?

______________________________________________________________ (1)

2. Wie is die twee karakters in die gedig?

______________________________________________________________ (2)

3. Noem **een van die drie** items wat eendjie wou gaan koop het.

______________________________________________________________ (1)

4. Hou jy van jakkals ? Hoekom of hoekom nie?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

5. Is jy bly dat eendjie nie vir jakkals geluister het nie? Gee ‘n rede vir jou antwooord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

6. Wat was jakkals se plan?

______________________________________________________________ (1)

7. Het jakkals se plan gewerk? Hoekom of hoekom nie?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

8. Het jy van die gedig gehou? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**Leesbegrip Afdeling B : 10**

## Taalstrukture en konvensies

1. In strofe 1 rym geloop en koop.

   Wat rym met **pla**?

______________________________________________________________ (1)

2. Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**:

   Jakkals sê:“Ek sal help!”

______________________________________________________________ (1)

3. Skryf die **byvoeglike naamwoord** in die sin neer :

'n Vet eend het eendag al met die pad geloop.

_______________________________________ (1)

4. Skryf die **werkwoord** in die sin neer:

'n Vet eend het eendag al met die pad geloop.

_______________________________________ (1)

5. Verbind die twee sinne met mekaar (**Voegwoord**)

Jakkals wil hê eend moet in sy sak klim. Hy is honger. (**omdat**)

_______________________________________

_______________________________________ (1)

6. Skryf die volgende sin in die **Ontkenning**:

Wil jy hê ek moet jou mark toe dra?

_______________________________________

_______________________________________ (1)

**Taal Afdeling B : 6**

**Groot totaal: 45**

**<u>Level-</u>**

**Afdeling A – Leesbegrip**

L1+2

Vraag 1 – 4

L3

Vraag 5 – 9

L4+5

Vraag 10 – 11

Taalstrukture en Konvensies

**Afdeling B – Gedig**

L1+2

Vraag 1 - 3

L3

Vraag 4 – 7

L4+5

Vraag 8

Taalstrukture en Konvensies